

1. Galasiërs 1:1-10

VERWELKOMING:

5 MIN

YSBREKER:

20 MIN

- In watter provinsies van Suid-Afrika het jy al gebly?
- Wat is jou gunsteling provinsie om in vakansie te hou?
- Watter persone is daar in jou lewe wat jy vertrou om vir jou te lei in terme van jou geloof?

AANBIDDING:

5 MIN

Gee vir elkeen geleentheid om die volgende vraag te antwoord. Laat iemand 'n lysie maak van die antwoorde.

“Die eienskap van God wat vandag vir my die meeste beteken, is...”

Laat die persoon wat die lysie gemaak het nou God loof vir wie Hy is.

BYBELSTUDIE:

40 MIN

Laat iemand die volgende as agtergrond tot Galasiërs vir julle voorlees:


Daar bestaan min twyfel onder Skrifverklaarders dat hierdie brief wel van die apostel Paulus afkomstig is. Die enigste vraag is wat die verhouding tussen hom en die sekretaris of professionele brieffskrywer was, wat blykens 6:11–18 deur die apostel gebruik is om die brief op te stel. Het hierdie skrywer enige invloed op die formulering en gedagtegang van die brief gehad en, indien wel, in watter mate? Die sterk persoonlike aanslag en individuele styl van die geskrif maak dit egter meer waarskynlik dat Paulus self die inhoud en struktuur daarvan bepaal het.

Wat meer problematies is, is die vraag wie die oorspronklike ontvangers van die brief was. Die verwysing na Galasië in 1:1–2 kan op meer as een wyse verstaan word. Dit kan dui op die landstreek in die hart van Klein-Asië, in die omgewing van die stede Ankara, Pessinus en Tavium. Dit is in hierdie area dat Keltiese stamme hul in die loop van die derde eeu voor Christus gevestig het na 'n lang, maar volgehoue trek vanuit die Weste. In hul nuwe omgewing het hierdie stamme hul Keltiese tradisies en gebruike behou en Kelties is tot in die vyfde eeu na Christus hier gepraat.

Galasië kan ook na die Romeinse provinsie verwys wat in 25 vC tot stand gekom het en wat naas die area hierbo genoem, ook die meer suidelike streke soos Frigië, Likaonië, Pisidië en moontlik Pamfilie ingesluit het. Dit is in hierdie streke waar stede soos Antiogië in Pisidië, Ikonium, Listra en Derbe geleë is, wat Paulus tydens sy eerste en tweede sendingreis besoek het.

Die keuse tussen die landstreek (die sg “Noord-Galasië-teorie”) en die provinsie (die sg “Suid-Galasië-teorie”) is nie eenvoudig nie, omdat ons eintlik nie oor genoegsame gegewens beskik om tot 'n finale besluit te kom nie. Tans is daar 'n neiging om aan die landstreekhipotese voorkeur te gee.¹

¹Lategan, B.C., *Die Brief aan die Galasiërs*, (Kaapstad: Lux Verbi) 1986.



Lees nou Galasiërs 1:1-10. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- Gee vir elkeen geleentheid om die een ding wat hulle in hierdie gedeelte getref het, te noem.
- Wat bedoel Paulus daarmee dat Jesus *“Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld”* (vers 4)? Wat beteken dit om “verlos” te wees uit hierdie goddelose wêreld?
- Vers 1-5 is die inleiding tot die brief. In vers 6 begin die inhoud. Hoe sou jy voel as ’n preek aan jou **BEGIN** met “Dit verbaas my dat jy so afvallig word en ’n ander evangelie aanneem!” Is dit reg om so met die deur in die huis te val?
- Waarom is dit vandag so moeilik om reguit vir mense te sê wat ons wil sê?
- Waarom is Paulus so ontsteld in vers 8 en 9? Hoe voel ons hieroor?
- Laat iemand vers 10 voorlees. As jy na jou lewe kyk, wie se guns soek jy? Lys dit in volgorde.
- In watter volgorde behoort dit te wees? Indien die volgorde reg is, watter verskil sal dit bring in my:
 - Huwelik
 - Gesin
 - Werk
 - Ontspanning
 - Tydsbeplanning
 - Kerk
 - Kleingroep

DIENSWERK:

5 MIN

Wie sal julle groep se dienswerk leier wees? Nadat julle die persoon aangewys het, bespreek met mekaar moontlike dienswerkaksies waarby julle as kleingroep betrokke kan raak. Wat moet hierdie week gebeur sodat julle volgende week kan besluit?

GEBEDSRIGLYN:

10 MIN

Vir watter dele van ons land wil julle graag bid? Bespreek met mekaar en wys dan iemand aan om namens julle te bid.

Vir watter dele van die wêreld wil julle bid? Vra iemand anders om daarvoor te bid.

Wie ken jy wat afvallig geword het?

Gee 2 minute vir stilgebed, waar elkeen kan bid vir mense wat afvallig geword het. Daarna kan die 2 aangewese persone bid vir die landstreke.

ADMINISTRASIE:

5 MIN
